10 MAART 2019

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Lukas 4:1-13

wat wil jy vandag **bereik?**

Jesus het vir 'n spesifieke doel gekom. Geen versoeking kon Hom daarvan laat afwyk nie.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Wat is 'n versoeking?

Hoe belangrik is die eerste treë as jy iewers heen op pad is?

Is ons eerste treë belangrik as ons Jesus volg? Hoekom?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

lees **Lukas 4:1-13** saam as 'n groep.
Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van **Kontak-kategese**,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat **NOUS** weggestap het van Kontak-kategese. **NOUS** se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Bring koerante saam na julle kategese toe. Hoe gee mense in met versoekings? Kan julle dit in die koerante kry? Hoe herken julle dit? Knip koerantberigte uit wat van versoekings vertel.

gesels dan oor die volgende saam

- Dit lyk nie asof Boeliebief die teksgedeelte reg verstaan het nie. Wat sou jy aan hom wou verduidelik as jy die kans kon kry?
- Jesus is op pad pad met sy eerste treë om ons deur die kruisdood vry te maak. Hy is op pad om Homself te gee. Hoekom moes Hy reg kies met die versoeking in die woestyn?
- Wat sou gebeur het as Jesus toegegee het met die versoeking in die woestyn? Hoekom was sy eerste treë belangrik?
- Hoekom kies Jesus nie vir brood, belangrikheid en groot dade nie? Hy kon dit alles mos doen?

ons **nuwe storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Hoe voel dit wanneer jy versoek word?

Hoe help Jesus se hantering van versoekings jou?

Jesus begin met sy einddoel 'n gedagte. Wat is jou einddoel? Watter invloed het dit op jou eerste treë nou?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Vra vir God om julle te help om versoekings te weerstaan.

Weet jy hoekom jy hier is? Vra vir God om dit vir jou te wys, sodat jy met elke tree reg kan kies.